Om God te Ken

Die hele Christelike Godsdiens is kennis van God. Om Hom te ken, is die oogmerk, die hoogste doel en strewe, en die grootste geluksaligheid van Christen-wees. “Dit is die ewige lewe” sê Jesus in Johannes 17:3.

Hierdie kennis van God is die enigste ware kennis. Buiten Hom of sonder Hom kan ons nie eens onsself ken nie. Dit is nie alleen so, omdat ons sondaars is met bedrieglike en verdorwe harte nie (Jer. 17:9), maar ook omdat ons deur God geskape is om in gemeenskap met Hom te lewe (Ps. 30:4). Sonder Hom kan ons nie weet wie en wat *ons* is nie.

Selfs ons dade word beoordeel in ons verhouding met God. ’n Mens kan nie weet of sy handelinge en woorde goed of sleg is, sonder om dit te meet aan die maatstaf wat deur God se eie volmaakte heiligheid gestel word nie. Dit verklaar waarom daar in die samelewing min morele standaarde oorgebly het. Die meerderheid, selfs diegene wat een of ander Godsdiens beoefen, ken God nie. Onbekend met Hom, het hulle geen morele norm nie.

Om God te ken, is nie bloot om ’n kop vol leerstellings of feite te hê nie, al is dit Bybelse feite en waarhede. Dit beteken nie dat die leerstellings en onderrig van die Skrif oor God nie belangrik is nie. Kennis is deel van die geloof; sonder kennis is geloof so goed soos niks. ’n Mens kan nie daarop aanspraak maak om ’n God te ken van wie jy niks weet nie. Tog is kennis van God meer; soveel meer dat dit moontlik is om verstandelik te weet wat die Skrif oor God leer, om in die leer oor God, soos dit in die Skrif gevind word, onderrig te wees, miskien reeds as kind, maar Hom tog nie te ken nie.

Kennis van God is ook *bevindelik*. God is so groot dat niemand Hom deur blote breinaktiwiteit of verstandelike inspanning kan ken nie. ’n Mens moet Hom ontmoet, Hom hoor, met Hom wandel en Hom ken soos ’n mens ’n vriend ken. Inderwaarheid is die woord *ken*, wanneer die Skrif praat van God ken, sinoniem met *liefhê*. Net soos die Skrif praat van ’n man wat sy vrou be*ken*, om die liefdevolle intimiteit in die huwelik te beskryf, so praat die Skrif ook daarvan om God te ken. Om Hom nie lief te hê nie, is om Hom nie te ken nie – nie waarlik nie.

Om God te ken, is daarom om vreugde in Hom te vind, Hom te geniet en Hom te gehoorsaam. Hy is so wonderlik in sy genade, barmhartigheid en majesteit, dat dit vir iemand wat nie sy vreugde in Hom vind en Hom liefhet nie, onmoontlik is om te sê dat hy God ken. Só ’n mens, ten spyte daarvan dat hy baie goed weet wat die Bybel oor God sê, is besig om God te verwerp, sy rug op Hom te draai, Hom te haat en te wys dat hy God glad nie ken nie. Sy verstand is verblind, en sy hart verhard.

Ken u God in hierdie ware sin van die woord? Toon u opnuut elke dag dat Hy u grootste vreugde en skat is? Het u Hom in sy heerlikheid lief met u hele hart en met al u kragte? Geniet u Hom, en is u aan Hom gehoorsaam?

Ronald Hanko

© 2018
www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.